

# ST. JEAN BAPTISTE DE LA SALLE

7 APRIL

(1651-1719)



Hy word beskou as een van die grootste Katolieke opvoeders van alle tye. Van jongs af wou hy priester word en selfs voordat hy priester gewy is, was hy al etlike jare lank kanunnik by die katedraal van Rheims. Hy was vas oortuig dat 'n goeie opvoeding die sleutel tot 'n goeie Christelike lewe was. Hy besluit om sy lewe toe te wy aan die opvoeding van armlastige seuns wat nie kon bekostig om skool toe te gaan nie. Daarvoor sou hy die res van sy lewe alles tot sy beskikking gebruik. In 1688 begin hy 'n skool in Parys en begin hy ook om jongmanne op te lei om toegewyde onderwysers te word. So ontstaan die "Broeders van die Christelike Skole", wat uiteindelik 'n religieuse kongregasie sou word. Hy was radikaal vir sy tyd deur die seuns nie in Latyn nie, maar in hul volkstaal (in Frans) op te voed. Hy het baie teenkanting gekry van mense wat geglo het dat die armes net geskik was vir hande arbeid en dat dit 'n vermorsing was om hulle 'n goeie opvoeding te gee. Metteryd sou die skole wat hy gestig het oor die hele wêreld versprei en mense wat nooit toegang tot skoolopleiding gehad het nie in staat stel om hulleself deeglik te bekwaam. Hy word vereer as die beskermheilige van die onderwys.